# God het nie witbroodjies nie!

**Maandag 1 Augustus 2022**

**Lees:** **Kol 3:22-4:1**

**Kol 3:25b** "…die Here trek niemand voor nie…"

**Hand 10:34** "Toe het Petrus aan die woord gekom en gesê: "Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie,
**35** maar in enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is."

**Rom 2:11** "God trek immers niemand voor nie."

**Ef 6:9** "En eienaars, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie."

**Jak 2:1,9** **1** "My broers, julle wat glo in ons Here Jesus Christus, die Here aan wie die heerlikheid behoort, moet mense nie volgens hulle uiterlike beoordeel nie.
**9** Maar as julle die mense na die uiterlike beoordeel, doen julle sonde en veroordeel die wet van God julle as oortreders."

**In ons Skrifgedeelte lees ons van slawe wat gehoorsaam moet wees aan hulle eienaars**. In die tyd wat Paulus hierdie gedeelte in Kolossense geskryf het was slawerny 'n algemene gebruik. Trouens daar word bereken dat daar in die tyd by die 60 miljoen slawe was toe die Romeine aan bewind was. Slawe was dikwels geleerde mense met groot verantwoordelikhede in die huise en besighede van die ryk mense. Slawe het kinders grootgemaak, onderrig en selfs gedissiplineer.

**Die kerk was in daardie tyd baie klein en het uit min mense bestaan**. Die kerk, wat nie veronderstel is om enige politiek mag te hê nie, kon nie hierdie gebruik van slawerny keer nie. Maar baie duidelik skryf Paulus dat elke mens of jy 'n werkgewer of 'n werknemer is, tot eer van God moet werk. Nêrens praat die Bybel slawerny goed nie, inteendeel, elke mens, of jy 'n slaaf was of 'n eienaar, moes sy naaste reg en billik behandel omdat ons almal onder die heerskappy van die Here, ons eienaar staan.

Dank die Here die praktyk van slawerny is uitgefaseer en dit bestaan nie meer nie.

Maar dan lees ons in **Kol 3:25b** **"...die Here trek niemand voor nie."**

**Trouens die verlossingsboodskap is so duidelik in**... **Gal 3:28**
"Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één."

**Trouens alle christene is vry in en deur hulle geloof in Jesus Christus**. **1 Kor 7:22-24**
**22** "'n Slaaf wat deur die Here geroep is, is immers 'n vrygemaakte van die Here. Net so ook is 'n vry man wat deur die Here geroep is, nou 'n slaaf van Christus. **23** Julle is vrygekoop en die prys is betaal; moet dan nie slawe van mense wees nie. **24** Broers, elkeen moet God dien in die omstandighede waarin hy was toe God hom geroep het."

**Die Here trek dus niemand voor nie.** Dit maak nie saak of jy geleerd of ongeleerd, werkgewer of werknemer, ryk of arm, man of vrou of wie ookal is nie, in Jesus Christus is ons almal wat waarlik glo, broers en susters van mekaar, gelyk voor God. Wees dus lief vir almal en behandel almal met die nodige respek en eerbied.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***